

Droëland-sojabone gedy met deklaagbewerking

Hy plant die sojaboonkultivar PAN 1664 nou al vir die tweede jaar, vertel mnr. Egon Surendorf van Coligny in Noordwes, en nog elke keer het die kultivar hom beïndruk.



LINKS: Mnr. Egon Schulenburg hier in sy mooi aanplanting PAN 1664. Daar kan duidelik gesien word dat die sojaboonkultivar sy rye mooi toemaak.

BO: Die goeie resultate van deklaagbewerking. Hier kan gesien word hoe die sojabone in gelid opkom tussen die mieliestoppels wat op die lande gelaat word as deel van Egon se deklaagbewerking.

REGS: Sels in droëlandtoestande is Pannar se sojaboonkultivar PAN 1664 'n kultivar met woema. Hier wys Egon 'n sojaboonpeul met vier pitte in. Hy sê dat hy oral in die land op sulke peultjies afgekom het.

Sojaboer, mnr. Egon Surendorf, sê hy het sojabone verlede jaar rondom 27 November teen 68 kilogram saad per hektaar in rye van 91 cm in droëlandtoestande geplant: "Ons het nog altyd deklaagbewerking gedoen, en met die sojabone was ons bewerking voor plant ook geen uitsondering nie. Ons dien ook 'n winterbespuiting met glifosaat en 2-4-D toe as deel van ons bespuitingsprogram nadat ons die mielies afgestroop het om die lande vir die sojabone reg te kry," sê hy.

Egon sê dat deklaagbewerking vir hom werk aangesien die praktyk een van die beste maniere is om vogbewaring toe te pas. "Deur deklaagbewerking toe te pas, vind ek dat ek my oorhoofse koste besnoei, en deur minder werktuie te gebruik, bespaar ek ook op onderhoud en die herstel van my werktuie. 'n Mens wil ook eerder saam met die natuur werk en deur deklaagbewerking toe te pas, bou ek die koolstofvlakke in my grond op en ek pas die grondstruktuur ook beter op. Ons ploeg byvoorbeeld net wanneer dit absoluut nodig is, soos om byvoorbeeld grondsiektes te bekamp," sê hy.

Een van die vereistes van deklaagbewer-

king is dat wisselbou toegepas word. "Ek gebruik 'n deurlopende wisselbouprogram om my grond so doeltreffend moontlik te benut," sê Egon. Voordat PAN 1664 op die land aangeplant is, het Egon 'n aanplanting mielies daarop gehad.

Wat bemesting betref, is sojabone se kaliumbehoefte baie hoog en Egon sê hy gaan vanjaar weer 'n hoë kaliumbemesting doen ter voorbereiding van sy volgende aanplanting sojabone. "Met vanjaar se bemestingsprogram gaan ek nie weer ureum topbemesting vir die mielies gee nie. Ons gaan onself eerder daarop toespits om die kaliumvlakke in die grond hoog te hou vir die sojabone. In die topbemestingstadium gaan ek kunsmis, soos 10:1:4, toedien," sê hy.

Oor Pannar se sojakultivar PAN 1664 is Egon baie opgewonde. "Ek sal hom beslis weer aanplant. Dit is 'n goeie, stabiele kultivar met 'n goeie staanvermoë en uitstekende siekteweerstand. Boonop presteer hy baie goed – op die een blok in die land het ons 3 t/ha gestroop en uiteindelik geëindig op 'n gemiddelde van 2,5 t/ha. En dit op droëland. Dit wys net vir my dat die kultivar goed aangepas is by ons omgewing en dat hy sy

deel hydra," sê Egon.

As dekades lange kliënt van Pannar sê Egon dat hy baie tevrede is met hoe die maatskappy sy kliënte behandel. "My verhouding met Pannar kom al van die jare af toe hy as Pioneer bekend gestaan het. Dit is al van daardie jare af wat ek Pannar se kultivars aanplant. Sy oplossings werk ook baie mooi – wanneer 'n probleem opduik, is Pannar altyd bereid om dit uit te stryk deur sinvolle oplossings te vind. Dit is voorwaar 'n maatskappy waarmee dit lekker is om sake te doen," sê hy. **LBW**



Saam boer ons vir die toekoms™

➤ NAVRAE: Mnr. Philip de Waal, sel 082 783 0011; Me. Lizette Vermaak 082 412 2868